



Konfirmasie 2

Titel van les: Heilige Nagmaal - Die 7de Geloofsartikel

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Welkom by die les oor Heilige Nagmaal - Die 7de Geloofsartikel

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus en Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! <i>Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</i></p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Konfirmasie 2).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasie-onderwyser indien u ondersteuning vereis of bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Heilige Nagmaal - Die 7de Geloofsartikel
Bybelwoord	<ul style="list-style-type: none">• Mattheus 26: 26-28• Handeling 20: 7• 1 Korinthiërs 11: 26• Lukas 22: 19-20• 1 Korinthiërs 11: 23-26• Johannes 6: 53-56
Lesdoelwit	Die doelwit van hierdie les is: 1. Die konfirmante ken die voorvereistes vir a) vergifnis van sonde, en b) waardige deelname aan die Heilige Nagmaal.

Lesopsomming:

<ul style="list-style-type: none">• Heilige Nagmaal is een van die sakramente.• Vergifnis van sonde en die viering van Heilige Nagmaal is die hoogtepunt van die heilige godsdiens.• Ons moet vir God en ons naaste om verskoning vra vir ons sonde en die begeerte hê om nie weer te sondig nie.• Dan moet ons waardig (met respek / eerlik) aan die Heilige Nagmaal deelneem.• Jesus het self die eerste Heilige Nagmaal met sy dissipels gevier.• Vandag vier ons Heilige Nagmaal in elke godsdiens en ons sal so doen tot die wederkoms van Jesus.• Die brood en wyn van die nagmaal simboliseer die liggaam en bloed van Jesus Christus.• Deur viering van Heilige Nagmaal onthou ons die offer van Jesus Christus
--



Heilige Nagmaal - die 7de Geloofsartikel

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- God vergewe ons ons sondes.
- Deur waardige deelname aan Heilige Nagmaal onthou ons die opoffering van Jesus Christus.
- Ons glo en leef volgens die sewende geloofsartikel.
- Ons wil ook waardig deelneem aan die Heilige Nagmaal.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wat is die hoogtepunt van 'n godsdienst?

Antwoord: Vergifnis van sonde en die viering van Heilige Nagmaal

2. Met watter ingesteldheid moet ons aan die Heilige Nagmaal deelneem?

Antwoord: Ons moet op 'n waardige wyse aan die Heilige Nagmaal deelneem, met ander woorde, met respek / eerlik. Ons onthou ook die offer van Jesus aan die kruis.

3. Wanneer is die Heilige Nagmaal vir die eerste maal gevier?

Antwoord: In die Bybelse tyd. Jesus het vir die eerste maal Heilige Nagmaal saam met sy dissipels gevier.

4. Hoe gereeld moet ons Heilige Nagmaal vier?

Antwoord: In elke godsdienst tot en met die wederkoms van Jesus.



Addisionele Opmerkings Liewe Ouers

1. U sal oplet dat die kort video wat voorsien word, 'n aantal Bybelverwysings bevat.

Die meeste van hierdie Bybelverwysings word nie in die video in detail bespreek nie. As deel van u lesaanbieding kan u die Bybel byderhand hê en u kind dan versoek om die Bybelverwysings te lees soos u deur die les gaan. Op hierdie wyse is u kind nie ledig terwyl die les aangebied word nie.

2. Let ook op die aktiwiteit wat volgens die kind se konfirmasiewerkboek gedoen moet word. Dit is deel van les 24. Dit kan na die aanbieding van die les gedoen word. Sou u egter so verkies, kan dit saam met u kind as 'n aktiwiteit gedoen word.

3. As deel van huiswerk, moet u kind ook die sewende geloofsartikel leer en opsê. Die bewoording is soos volg:

Ek glo dat die Heilige Nagmaal self deur die Here ingestel is ter gedagtenis van die eens gebragte, ten volle geldige offer en die bittere lyding en dood van Christus. Die waardige deelname aan die Heilige Nagmaal bewerkstellig ons gemeenskap met Jesus Christus, ons Here. Dit word met ongesuurde brood en wyn gevier; beide moet geheilig en deur 'n ampsdraer, wat deur 'n apostel gemagtig is, bedien word.

Die konfirmante moet elke geloofsartikel ken, of ten minste die betekenis daarvan aan die einde van hul konfirmasie-opleiding kan verduidelik.



'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen



Notas

Notas